PAASFEES

DOEL: Om die feit dat die verlossing in niks anders as die bloed van Jesus te vinde is nie, by die kinders tuis te bring.

HULPMIDDELS: Glasbeker met skoon water, twee glase, een met water in, rubberslang, blou ink in 'n medisyne druppertjie, ‘n papier rokkie vir een glas, prent van 'n kerk, 'n stukkie tinfoelie om 'n glas mee te bedek, 'n kruis wat met 'n waterbestande verf rooi geverf is met 'n medisyne druppertjie gevul met bleikmiddel (Jik) agter aan die onderpunt geheg. Strokies papier met die volgende Bybeltekste op wat vooraf aan groter kinders uitgedeel is: Rom. 5:12, Gen 1:27, Op 21:27, Joh 3:16, 1 Joh 1:7b en 1 Joh 1:9.

AANBIEDING: Gebruik die vraag-en-antwoord metode

VRAAG: Waar het die eerste mens vandaan gekom?
ANTWOORD: Adam, deur God geskape (laat lees Gen 1:27). Ons lees hier dat God die mens na Sy beeld geskape het. Omdat God heilig en volmaak is, het Hy die mens ook so geskape (skink een glas vol water) net soos hierdie skoon water wat ons in die glas sien.

VRAAG: Wie weet watter verkeerde ding in die tuin van Eden met Adam en Eva gebeur het?
ANTWOORD: Die duiwel het soos 'n slang gekom en hulle verlei om van die verbode vrugte te eet. Hulle was ongehoorsaam aan God en deur hul ongehoorsaamheid het daar sonde in hulle lewens gekom. (Terwyl die slang vir hulle gewys word, word 'n bietjie ink in die glas water gedrup. Vergelyk nou die glas en die beker se water. Wys daarop dat dié in die glas nou vuil en besoedel is.)
Omdat ons mense net soos Adam is, het ons ook daardie sonde van Adam geërf. (Laat lees Rom 5:12 en gooi blou water van die een glas in die ander glas; wys daarop dat, al is dit in 'n ander, skoon glas, dit nog altyd onrein en vuil is.) Ons wil seker almal graag aan die einde van ons lewe hemel toe gaan, maar nou het ons 'n groot probleem, want luister wat staan in Op 21:27 (laat voorlees). Nou is daar baie mense wat allerhande dinge probeer doen om van hierdie probleem ontslae te raak.

(a) Daar is mense wat meen dat hulle deur gereelde kerkgang, ens van hul sonde ontslae kan raak. (Plaas glas agter prent van kerk en laat dit daar staan en wys op die nuttelоosheid van godsdiensbeoefening sonder oorgawe aan Jesus; haal glas uit sodat hulle kan sien dat die water nog net so vuil is.) Die mens is nog nie van sy sonde ontslae nie.
(b) Dan is daar mense wat besluit om self te probeer ophou om verkeerde dinge te doen en dan dink dat hul lewens vry sal wees van sonde. (Bedek glas met tinfoelie en wys daarop dat, hoewel daar nie meer vuiligheid kan inkom nie, die lewe binnekant nog steeds vuil is.)
(c) As dit nie wil help nie, probeer hulle om hul lewens baie mooi en skoon te maak (trek papier rokkie oor glas.) Hulle lyk aan die buitekant baie mooi, maar binnekant is daar nog steeds die hart vol sonde. (Verwyder rokkie.)
(d) Ander mense probeer weer om baie hard te werk vir die Here: by basaars, siekebesoek of goeie werk doen (beweeg die glas heen-en-weer op die tafel), maar

dit het geen uitwerking op die sondige toestand van hul harte nie. Gelukkig hoef ons nie moedeloos te word nie, want God het ons só lief gehad, al was ons vol sonde, dat Hy self 'n plan gemaak het om daardie sonde van ons weg te neem. (Laat lees Joh 3:16)

VRAAG: Wat het Jesus kom doen om ons sonde weg te neem?
ANTWOORD: Hy het aan die kruis kom sterf, sodat sy bloed ons sonde kan wegneem. (Lees 1 Joh 1:7b) Hou die kruis langs die glas en wys daarop dat dit nie ons sonde wegneem as ons net van Jesus aan die kruis WEET nie – ons moet iets daarmee DOEN. Ons moet ons lewens vir Jesus oopmaak (haal bedekking van glas af) en vir Jesus vra om ons sonde met sy bloed weg te was. (Lees 1 Joh 1:9) Plaas die onderpunt van die kruis in die glas water en drup onopsigtelik van die bleikmiddel in die water en roer effens totdat die water helder is. (Dit neem 'n tydjie, en dit is 'n goeie tydjie om 'n gepaste lied te sing.) **OEFEN DIT EERS BY DIE HUIS, OM DIE REGTE HOEVEELHEDE TE KRY, WANT DIE HELE KERN VAN DIE LES LÊ IN HIERDIE PUNT!!**

AFSLUITING: Wanneer ons nou Goeie Vrydag vier, moet ons vir Jesus dankie sê dat Hy gewillig was om aan die kruis vir ons te kom sterf.